# Hoofstuk 1 Algemene oriëntering, doel van die ondersoek, metode van ondersoek, program van ondersoek en samevatting

## 1.1 Oriëntering

Die onderwystaak is onder meer daarop gerig om die basiese vaardighede van lees, spel en reken wat vir die toereikende aanpassing en selfstandigwording van elke kind noodsaaklik is, aan te leer. In die onderwyspraktyk word egter bevind dat daar heelwat kinders is wat ten spyte van goeie onderrigmetodes, nie hierdie basiese vaardighede kan bemeester nie.

Hierdie verskynsel wat as leergeremdheid bekend staan, is by sommige kinders moeilik te verklaar, want hulle is oënskynlik intelligent en gemotiveerd, maar vorder nogtans nie op skool nie. Joubert (1980:8) stel dat dié kinders 'n dualistiese beeld skep, omdat hulle enersyds intelligent voorkom en andersyds 'n onvermoë om te leer openbaar.

Leergeremdheid het die afgelope tien jaar so 'n aktuele onderwerp geword dat selfs die nuusblaaie en populêre tydskrifte artikels daaroor publiseer. Wilson (1976:18) berig byvoorbeeld in die Pretoria News dat die Transvaalse Onderwysdepartement die aantal kinders met leergeremdhede op 14% van die totale skoolgaande populasie stel. (In 1967 is die syfer in Amerika op 10-15% geskat, aldus Frostig (1967:388).) In 1968 het die Minister van Nasionale Opvoeding 'n komitee aangewys om ondersoek in te stel na die onderwys van leerlinge met minimale breindisfunksie (Logue, 1976:271). Die komitee rapporteer dat daar ongeveer veertig- tot vyftigduisend leergeremde kinders op skool is. Die bevindings van die komitee (Murrayverslag) het gelei tot die stigting van hulpklasse deur die Transvaalse Onderwysdepartement. In die hulpklas word leergeremde kinders onderwerp aan 'n intensiewe hulpverleningsprogram wat op die kind se spesifieke leergeremdhede gerig is (vergelyk 6.4).

Aanvanklik is die leergeremde kind bloot as 'dom' bestempel, maar in die afgelope twee dekades word daar met nuwe belangstelling na hierdie sogenaamde dom kind gekyk. Die leergeremde kind word vanuit verskillende dissiplines bestudeer en gevolglik met verskillende terme in die literatuur aangedui, byvoorbeeld: 'learning disability', 'minimal brain dysfunction', 'dyslexia', 'educationally handicapped' en 'psycholinguistic retardation' (Rosner, 1979:xii; Smith & Neisworth, 1975:22; Ross, 1977:5).

Dit is 'n algemene verskynsel by die leergeremde kind, dat hulle leerstof sommige dae makliker hanteer as ander dae. In die een aktiwiteit presteer die

sesjarige byvoorbeeld bevredigend, terwyl hy in die volgende aktiwiteit op die vlak van 'n tweejarige funksioneer (Kephart, 1971:v).

Dit is ook moontlik dat die leerling goed presteer in wiskunde, maar probleme ondervind met lees en spel. Gedragsmanifestasies soos onsekerheid, impulsiwiteit of wispelturigheid is ook kenmerkend van die kinders. Dit vereis baie aandag van die onderwyser en versteur dikwels die ordelikheid in die klaskamer. Daar word dikwels na hierdie leerling verwys as iemand wat kan leer as hy net harder probeer en gevolglik word onderprestasie aan domheid, wangedrag en gebrek aan belangstelling toegeskryf (Joubert, 1980:8; Hargrove, 1982:366; Grzynkowicz, 1979:22).

Kephart (1971:v) verklaar hierdie ontoereikende leergebeure as 'n versteuring in die sentrale senuweestelsel wat daartoe lei dat die perseptuele ontvangs 'anders' geïnterpreteer word as die gewoon aanvaarde wyse. Die leerling sal ten spyte van genoegsame gehoor en visie nie die sensoriese boodskap reg verstaan nie. (Vergelyk ook Bush & Waugh, 1976:3.)

Die brein is 'n komplekse orgaan met delikate funksies. 'n Besering of wanontwikkeling van die breinweefsel sal 'n invloed hê op die behoorlike funksionering van die brein. By implikasie is hier sprake van 'n breindisfunksie. Sodanige disfunksie in enige gegewe deel van die brein kan tot gedragsafwykings, taaltekorte en leeronvermoëns wat nie noodwendig tot een sensoriese modaliteit beperk is nie, lei (Clemmens, 1967:92; Tarnopol & Tarnopol, 1977:6).

Dit is dus moontlik dat hierdie oënskynlik intelligente kind, wat nie behoorlik kan leer nie, moontlik 'n versteuring in die sentrale senuweestelsel het. Hierdie versteuring veroorsaak dat die bekende onderwysmetodes nie met sukses op die leergeremde kind toegepas kan word nie. Die leergeremde kind vereis spesiale aandag en leiding (Ross, 1977:5).

Die onderwyspraktyk staan voor die probleem van 'n kind, wat moontlik as gevolg van 'n breindisfunksie, nie sy leermoontlikheid tot volle ontplooiing sal kan realiseer nie - 'n kind wat vyf of tien talente ontvang het en nie weet hoe om daarmee te woeker nie. Dit plaas 'n groter verantwoordelikheid op die onderwyser wat moet vasstel op watter wyse die kind leer voordat 'n indiwiduele onderrighulpprogram saamgestel kan word.

In I Korinthiërs 7:17 vermaan Paulus die Korinthiërs: "Maar elkeen moet wandel net soos God hom dit toebedeel het, soos die Here elkeen geroep het." God roep die mens om te dien en in Sy koninkryk te arbei - elkeen volgens sy

vermoë, volgens wat God vir hom beskik het. Hierdie roeping kom in die besondere opvoedingsituasie, van volwassene tot leergeremde, eerstens tot die onderwyser wat as gesagsfiguur en leier geroep is om die kind tot volle ontplooiing te lei, maar ook tot die leergeremde kind om volgens sy vermoëns in die koninkryk van God te dien.

Hierdie roeping stel besondere eise aan die onderwyser van die leergeremde kind, want effektiewe leiding vereis kennis van die leergeremde se besondere gawes en tekortkominge. Die onderwyser het dus 'n besondere taak om ooreenkomstig sy roeping die kind tot volwassenheid te lei, sodat hyself verantwoordelikheid vir sy dade kan aanvaar. Die onderwyser se taak word dus verdiep, omdat die leergeremde kind op besondere wyse gelei moet word.

Om aan die onderwysdoel, naamlik om die kind tot volle ontplooiing te lei, te voldoen, moet die onderrig op die kind in totaliteit gerig wees. Daar kan nie net aan een aspek van die kind se ontwikkeling aandag gegee word nie, want alle opvoedingsaspekte is verweef en hou verband met mekaar. By die leergeremde kind moet ook kennis gedra word van die invloed van die geremdhede op die totale ontwikkeling van die kind. Dit gaan in die opvoeding oor die selfstandigwording van die onvolwasse kind en nie net oor hulpverlening ten opsigte van leergeremdhede nie. Soos Combrink <u>et al</u>. (1969:2) dit stel: "Die opvoeding is gerig op die mens in sy totaliteit. Dit het as doel om hierdie mens lewensbekwaam te maak en dit het as taak om alle funksies te ontwikkel: die geestelike en die liggaamlik, die verstandelike en die emosionele."

Die Christenonderwyser voel hom nie net geroepe tot die oordraging van kennis nie, maar wil die kind, ongeag sy geremdhede, opvoed tot diens in die koninkryk van God. Die taak van die Christelike opvoeder word deur Van Wyk (1973:52-53) enersyds gesien as: "...'n doelbewuste, opsetlike en waarheidsgenormeerde handeling waarby 'n mondige persoon(e) wat uit liefde tot God en die naaste gedronge en in volle besef van sy roeping m.b.t. die kosmos 'n onmondige persoon(e) help, lei, rig, oorhaal en vorm tot vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding en uitlewing van sy roeping om God met sy hele lewe te dien, sy Koninkryk op alle terreine uit te brei en sy naaste se heil te soek en te bevorder en die kosmos te ontgin en tot volle ontsluiting te bring."

Aan die anderkant wil die onderwyser ook kennis en vaardigheid vir die kind aanleer waardeur hy 'n goed toegeruste en ywerige vervuller van die taak waartoe hy geroep is, kan word. In II Timótheüs 3:17 stel Paulus vir ons die ideaal "... sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."

Vanuit hierdie lewensbeskoulike siening van Godsgeroepenheid tot 'n spesifieke taak word hierdie studie aangepak. Die remediërende onderwyser word geroep tot hulpverlening aan 'n kind met besondere geremdhede. Om hulp te kan verleen, vereis:

* kennis van die doelstellings van onderwys en opvoeding;
* kennis van die vaardighede wat deur die kind bemeester moet word;
* kennis van die spesifieke moontlikhede en tekortkominge van die kind;
* kennis en vaardighede van spesifieke metodes waardeur die leergeremde kind gehelp kan word.

Kennis oor kinderopvoeding in die algemeen is noodsaaklik, maar elke kind is uniek en daarom moet aan die kind as indiwidu met spesifieke moontlikhede aandag gegee word. Die hulpverlener het dus 'n taak om homself ten opsigte van bogenoemde vir sy roeping toe te rus.

## 1.2 Probleemstelling

Alhoewel daar al baie navorsing oor breinskade gedoen is, heers daar nog groot verwarring oor die begrip 'leergeremde kind' omdat navorsing hieroor eers die afgelope aantal jare gedoen is. 'n Deel van die verwarring word daaraan toegeskryf dat verskillende skrywers nie saamstem oor die oorsake, identifisering en hulpverlening van die leergeremde kind nie (Ervin, 1979:347). Dit kan egter met sekerheid aanvaar word dat swak onderwys, emosionele probleme, siektes, opvoedingsprobleme, ongelukke, prenatale en perinatale komplikasies bydraende faktore tot leergeremdhede kan wees (Smith & Neisworth, 1975:26).

Die feit dat die onderliggende probleem nie altyd by 'n besondere kind bekend is nie, beteken nie dat die probleme geïgnoreer kan word nie, want die probleme kan vererger namate die werk op skool kwalitatief en kwantitatief vermeerder. Dit is wel by die onderwyser bekend dat die leergeremde kind nie met behulp van die gewone metodes in die gewone klaskamer kan leer nie en hierdie kennis kan as vertrekpunt vir hulpverlening gebruik word (Rosner, 1979:xxvii; Gearheart, 1976:24).

Hierdie 'andersheid' van die kind vereis dus 'n nuwe benadering van die onderwyser, naamlik: "... changing the instructional materials and conditions to accommodate the child the way he is." (Rosner, 1979:xxvii.)

Daar moet dus 'n nuwe metode gevind word om die vaardighede, wat die kind moet

aanleer om probleme op te los, te ontwikkel. Die ontwikkeling van vaardighede geskied deur middel van die leerhandeling. Die leerhandeling word deur Johnson & Myklebust (1967:24) in vyf fases wat kummulatief met mekaar verband hou, onderskei. Dit is naamlik:

* Sensoriese ontvangs, deur die ouditiewe, visuele, taktuele en kinestetiese modaliteite.
* Persepsie - dit is die akkurate, konsekwente bewustheid van sensoriese ontvangs.
* Beeldvorming, waartydens persepsie met vorige ervaring in verband gebring word.
* Simbolisering, wat op die verbale sisteem dui en praat, lees, skryf en innerlike taal insluit.
* Konseptualisering, wat dui op klassifisering, veralgemening en kategorisering.

By die leergeremde kind mag daar, as gevolg van moontlike breindisfunksie, êrens 'n blokkasie of tekort in hierdie leerverloop voorkom.

Die inset vir die leerhandeling word deur die vyf sensoriese modaliteite verkry waarvan die visuele en ouditiewe modaliteit veral in die leersituasie van belang is. Tekorte in enige van hierdie modaliteite sal lei tot 'n onvermoë om die basiese vaardighede wat vir formele werk essensieel is, te bemeester. Wanneer die basiese vaardighede nie deur die kind wat wel oor die moontlikheid beskik bemeester word nie, kan hy nie tot volle ontplooiing kom nie en sal hulp aan hom verleen moet word.

In hierdie studie word veral aandag gegee aan die invloed van die tekorte in die ouditiewe modaliteit en die remmende uitwerking daarvan op die vaardighede van lees en spel. Akademiese probleme kan enersyds as gevolg van tekorte in die ouditiewe modaliteit, en andersyds as gevolg van die swak benutting van die ouditiewe modaliteit in die onderrig ervaar word.

Vir die doeleindes van hierdie studie word daarop gelet dat sommige leerlinge:

* probleme ervaar om akademies te vorder en dat hierdie geremdhede onder andere moontlik aan tekorte in die ouditiewe modaliteit toegeskryf kan word;
* nie na wense vorder deur die tradisionele onderwysmetodes nie en daar dus van 'n nuwe indiwidueel aangepaste metode van onderrig gebruik gemaak moet word om sukses te behaal.

## 1.3 Die doel van die ondersoek

Die doel van die studie is:

* die verkryging van 'n volledige teoretiese agtergrondskennis oor die leergeremde kind met besondere verwysing na die rol van die ouditiewe modaliteit in die verwerwing van lees- en spelvaardighede en die moontlike hulpverlening in die geval van ouditiewe tekorte;
* om indiwiduele ouditiewe hulpprogramme ten opsigte van spesifieke proefpersone saam te stel;
* om vas te stel of die ouditiewe tekorte oorkom is en die lees- en spelvaardighede van die proefpersone verbeter of ontwikkel het nadat die indiwiduele ouditiewe hulpprogramme toegepas is.

## 1.4 Metode van ondersoek

Daar word in die studie gebruik gemaak van die deskriptiewe en eksperimentele metodes. Die deskriptiewe metode word gebruik om 'n literatuurstudie aan te bied oor:

* die moontlike oorsake en manifestasies van leergeremdheid;
* die ouditiewe modaliteit as leerwyse;
* die tekorte wat in die ouditiewe modaliteit kan voorkom en die invloed daarvan op lees- en spelvaardighede;
* die diagnosering van die leergeremde kind;
* die moontlike hulpverlening ten opsigte van ouditiewe tekorte wat in die literatuur beskryf word.

Aan die hand van die literatuurstudie word spesifieke hulpprogramme vir leergeremde kinders met ouditiewe tekorte saamgestel en deur middel van die eksperimentele metode toegepas. Die vordering van die leerlinge word bepaal om die literatuurstudie empiries te verantwoord. Weens die omvang wat die dekking van ál die ouditiewe vaardighede tot gevolg sal hê, word die aantal ouditiewe funksies wat in hierdie empiriese ondersoek gebruik word, tot ses funksies, naamlik ouditiewe perseptuele analise, opeenvolging, sintese, diskriminasie, sluiting en geheue, beperk (vergelyk 6.1).

## 1.5 Program van ondersoek

In die voorafgaande paragrawe is die leergeremde kind inleidend bespreek, die

probleem aangetoon en die doel van die studie gestel.

Die studie word in twee dele onderskei, naamlik 'n teoretiese en 'n empiriese deel. Die teoretiese ondersoek is op die literatuurdekking van die probleem gerig terwyl die empiriese deel van die ondersoek op die toepassing van indiwiduele hulpprogram op spesifieke leerlinge en die bepaling van die moontlike sukses van die hulpprogram betrekking het.

In hoofstuk twee word die begrip 'leergeremdheid' omskryf en ingegaan op die moontlike oorsake en manifestasies van leergeremdheid. Die ouditiewe modaliteit, as komponent van die leerhandeling, word in hoofstuk drie ondersoek. Eerstens word gelet op die breinmeganisme van ouditiewe prosessering en die normale ontwikkeling van die ouditiewe prosesse. Verder word gekyk na die ouditiewe prosesseringstake en die belangrikheid daarvan vir die ontwikkeling van lees- en spelvaardighede.

In hoofstuk vier word op die diagnosering van die leergeremde kind gelet. Daar word na die taak van die klasonderwyser in die vroeë uitkenning van die leergeremde kind gekyk. Verder word aandag aan die diagnosering van ouditiewe tekorte by die leergeremde kind gegee.

In hoofstuk vyf word die moontlike hulpverleningsprosedure vir ouditiewe perseptuele tekorte beskryf. Daar word verder op die hulpverleningspraktyk ten opsigte van lees- en spelvaardighede deur spesifieke gebruik van die ouditiewe modaliteit gelet.

In hoofstuk ses word die diagnostiese en prestasietoetse beskryf. Die ontwikkeling van die hulpverleningsprogramme vir die verskillende proefpersone geskied met inagneming van indiwiduele uitvalle. Die proefpersone word beskryf, die hulpprogramme word toegepas en die resultate word weergegee.

Hoofstuk sewe dien as samevatting van die studie. Die gevolgtrekkings wat verkry is word beskryf en enkele aanbevelings word gemaak.

## 1.6 Samevatting

Hoofstuk een is 'n algemene oriëntering oor die leergeremde kind en die probleemstelling van hierdie studie. Die doel en metode van die ondersoek is gestel en die program van ondersoek uiteengesit.